**Januarie - Februarie 2025**

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

**Vol. 25, No. 1** **Vertalings uit ’n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2024 *Tomorrow's World*-tydskrifte**



*’n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Kies om u lewe aan ander mense te wy

Ons hier by die *Wêreld van Môre* glo daar is uiteindelik net twee maniere van lewe. Een manier lewer goeie resultate. Die ander bring hartseer, lyding en dood. Hierdie keuse is aan die begin aan die mens gegee, soos in die boek Génesis vertel word. God het twee bome in die tuin geplaas. Die een was die boom van die lewe, maar God het vir Adam gesê dat Hy hom verbied om van die vrugte van die ander boom te eet – die boom van die kennis van goed en kwaad.

Die eerste boom simboliseer die keuse om op God en Sy Wet te vertrou. Die tweede boom simboliseer die keuse om God te verwerp en die bepaling van goed en kwaad op uself te neem. Soos enige Bybelgeleerde weet, het Adam gekies om op sy eie oordeel te vertrou. Die lewe het sedertdien sleg gedraai vir die mensdom wat gesamentlik gekies het om dieselfde pad te volg.

God was nie dubbelsinnig toe Hy aan antieke Israel verklaar het dat daar twee teenoorgestelde lewenswyses is nie. Deur sy dienaar Moses het Hy duidelik verwys na die *resultate* wat uit die Israeliete se individuele en nasionale keuses sou kom: “Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie én sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem” (Deuteronómium 30:15-16).

Ons kan nie gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God skei van die resultate wat in ons lewens sal afspeel nie. God het daarop gewys dat die uitkoms nie goed sou wees as hulle sou kies om ander gode te aanbid nie. “Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom” (vers 17-18).

Die meeste belydende Christene sou redeneer dat hulle nie ander gode aanbid nie, maar is ons nie net so skuldig soos Adam en Eva nie? Het hulle nie in werklikheid probeer om *hulleself* gode te maak nie? Onthou die slang se boodskap aan Eva: “... maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken” (Génesis 3:5). Hulle het deur hulle optrede gesê: “God, ons weet beter as U!”

Vir elke mens is die keuse en resultaat presies soos God aan Israel verklaar het: “Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag” (Deuteronómium 30:19). Die geskiedenis toon die resultaat van die verkeerde keuse.

Die boek Rigters herinner ons aan wat

gebeur wanneer elke mens aan homself oorgelaat word om besluite te neem. Daar vind ons allerhande wreedheid en barbaarse gedrag. Dit is geen toeval dat die laaste vers in Rigters ons met hierdie les laat nie: "In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë" (Rigters 21:25). Hulle het dit gedoen ten spyte van God se waarskuwing teen daardie einste ding: "Julle moet nie doen net soos ons vandag hier doen nie – elkeen net maar wat reg is in sy eie oë" (Deuteronómium 12:8).

**Dit is meer geseënd om te gee**

Nog 'n manier om hierdie uiteenlopende paaie te beskryf, is met twee klein woordjies – *gee* en *ontvang*. Om God se weg te kies, die regte boom, is om 'n lewe van uitgaande besorgdheid vir ander te kies. Dit is die manier van help, omgee en deel – kortom, die weg van liefde.

Ons sien die alternatiewe pad wat Kain geneem het, deur sy broer Abel te vermoor. Die verslag in Génesis 4 is baie verkort en ons moet elders kyk om die hele prentjie te begryp. Die Nuwe Testament sê vir ons: "Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde *geloof* spreek hy nog nadat hy dood is" (Hebreërs 11:4).

Die manier van gee is die weg van liefde. Soos die apostel Johannes vir ons sê: "Want dit

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Kies om u lewe aan ander mense te wy**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**"Masada sal nie weer val nie"** 3
*Wat is die bron van Israel se veerkragtigheid? Wat word geprofeteer oor hedendaagse Israel en sy toekoms?*

**Kanada verkies chaos** 8

**Die WERKE van Sy hande**
**Die Behemot onder ons voete** 11
*'n Groot deel van die grootsheid van ons Skepper se ontwerp is nie sigbaar vir ons nie – met inbegrip van die grootste enkele organisme op ons planeet.*

**Onthou Jesus se Goue Reël** 14
*Ons het dit meer as ooit nodig.*

**Die ware oorsaak van moeilikheid in die Midde-Ooste!** 15
*Net God se Woord kan die oorsaak verduidelik vir die voortdurende konflikte wat die hedendaagse nasie van Israel ervaar.*

**Hoe behoort ons God se Sabbat te onderhou?** 22

**Monsters het Israel oorval** 24
*Daar behoort geen twyfel te bestaan oor die moraliteit van die gruweldade wat op 7 Oktober 2023 plaasgevind het nie.*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# "Masada sal nie weer val nie"

## Deur Gerald E Weston

Wat is die bron van Israel se veerkragtigheid? Wat word geprofeteer oor hedendaagse Israel en sy toekoms?

In Oktober 2023 toe Hamas-terroriste die staat Israel binnegeval het, kon ek nie anders as om te dink oor hoeveel dinge onveranderd gebly het sedert ek en my vrou 45 jaar gelede daar besoek afgelê het nie. Ek het aan Masada gedink – die vesting waar, volgens die antieke geskiedkundige Josephus, byna 'n duisend Joodse patriotte gesterf het tydens die Romeinse aanval in 73 n.C.

Die Hamas-terroriste – wat Israel aangeval het terwyl baie mense *Shemini Atzeret*, die jaarlikse Heilige Dag bekend as die Laaste Groot Dag, onderhou het – het burgerlikes vermoor, babas en kinders onthoof, vroue verkrag en mense as gyselaars geneem om as middele vir onderhandelings vir Hamas-gevangenes uit te ruil en as menslike skilde te gebruik. Hulle het selfs slagoffers se selfone gebruik om videos van teregstellings aan kontakte en families te stuur. 'n Groot deel van die wêreld was geskok deur sulke barbaarsheid. Ongelukkig het te veel mense regoor die wêreld oor die gruwelikhede gejuig en geprotesteer namens die terroriste, net soos hulle op 9/11 gedoen het.

Die meeste waarnemers beskou deesdae die Hamas-terrorisme en die Israeliese reaksie in die konteks van die hier en nou. Ja, baie mense wonder waarheen dit alles lei, maar besef hulle daar is iets groters aan die werk? Besef hulle dat Bybelprofesieë reg voor hulle oë vervul word? U wat hierdie woorde lees – verstaan *u* wat is besig om te gebeur en waarheen dit lei? Lees verder indien u wil weet.

Die Bybelse profeet Sagaría het byna 2,500 jaar gelede oor gebeure geskryf wat Juda (die Jode) en Jerusalem behels het. Hierdie profesieë, wat in die twaalfde en veertiende hoofstukke van sy profetiese weergawe gevind kan word is spesifiek en maklik om te verstaan. Die akkuraatheid daarvan getuig van die feit dat dit net deur God alléén geïnspireer is en die besonderhede laat geen twyfel dat dit vir ons tyd bedoel is nie – nou en in die nabye toekoms.

**Israel se Alamo**

Ek en my vrou het die geleentheid gehad om Israel in 1978 te besoek. Een van die besienswaardighede wat ons besoek het tydens ons toer was Masada. Hierdie antieke vesting doem ongeveer 1,400 voet [427 meter] bokant die Dooie See op aan die rand van die Judaïese woestyn. Dit het gedien as 'n somerpaleis vir Herodes, toegerus met 'n swembad en sauna. Ten spyte van die ligging, kon 'n vindingryk ontwerpte reeks kanale- en tenkstelsels na bewering genoeg water van 'n enkele dag se reën stoor om 'n duisend inwoners vir meer as twee jaar te onderhou.

So indrukwekkend soos wat Masada voorheen was, waarop vandag gefokus word is sy eerste-eeuse geskiedenis. Rampspoed het oor die Jode gekom toe hulle in 66 n.C. teen hulle Romeinse heersers in opstand gekom het. Vier jaar later het Jerusalem geval, net soos Jesus voorspel het (Matthéüs 24:1-2). Die beleg van Jerusalem was wreed – weereens, soos Jesus voorspel het (Matthéüs 23:37-39) – die Joodse geskiedkundige Flavius Josephus het sommige van die besonderhede opgeteken.

Selote [Fanaties godsdienstige Jode] het na Masada opgeruk om finale weerstand te bied. Die enigste manier om bo-op die plato te kom was deur middel van 'n lang, kronkelende paadjie, wat maklik verdedig kon word. 'n Mens kan vandag nog hierdie goed gedefinieerde paadjie sien, asook die oorblyfsels van agt klipmuurkampe wat die vesting omring. Daar was geen maklike manier om die skuilplekke wat gemaklik bo-op die plato geleë was, aan te val nie, maar die vasberade Romeine het 'n ambisieuse bouprojek aangepak. Hulle het 'n skuins oprit van grond en gruis tot bo aan die westekant gebou – as gevolg van tyd 'n verweerde

struktuur wat tot vandag bestaan.

Die Jode het besef dat die oormag van 15 teenoor 1 hulle einde beteken en hulle het verkies om mekaar dood te maak (Joodse wet verbied selfmoord), eerder as om hulle vrouens te laat mishandel, hulle kinders slawe te laat word en die mans in gevegte te laat verslaan. Josephus teken aan wat gebeur het uit die getuienis van die enkele vroue en kinders wat oorleef het. Hy teken ook die kern van 'n passievolle toespraak aan waarin die leier van die enklawe ['n kleiner land geleë binne 'n groter land] sy landgenote bemoedig het.

> Laat ons vroue sterf voordat hulle mishandel word en ons kinders voordat hulle slawerny gesmaak het en nadat ons hulle doodgemaak het, laat ons daardie heerlike voordeel wedersyds aan mekaar skenk en onsself in vryheid bewaar, as 'n uitstekende begrafnismonument vir ons. Laat ons dan eers ons geld en die vesting met vuur vernietig; want ek is daarvan oortuig dat die Romeine baie gekrenk sal wees, dat hulle nie in staat sal wees om ons liggame te buit en ook ons rykdom sal verbeur en laat ons niks spaar behalwe ons lewensmiddele nie; want dit sal 'n getuienis wees wanneer ons dood is, dat ons nie ondergegaan het weens 'n gebrek aan lewensmiddele nie; maar dat ons, soos ons oorspronklike besluit, die dood bo slawerny verkies (*The Wars of the Jews*, vertaal deur William Whiston, boek 7, hoofstuk 8, afdeling 6).

Masada is 'n monument en 'n simbool vir Israel. Hedendaagse Israeliese soldate het 'n eed geneem dat "Masada nie weer sal val nie" en onderneem nagtelike pelgrimstogte na die terrein as deel van hulle inlywing in die weermag.

Amerikaanse presidente het voortdurend hulle steun verklaar; kort na die Hamas-aanvalle het president Biden op 10 Oktober duidelik gesê: "Laat daar geen twyfel wees nie: Die Verenigde State staan agter Israel". President George W. Bush het selfs die V.S. se steun verklaar deur na Masada te verwys in 'n Mei 2008-toespraak voor Israel se Knesset en hy het verklaar: "Burgers van Israel: Masada sal nooit weer val nie en Amerika sal aan u sy wees".

Indien u nie die betekenis hiervan verstaan nie, het ons toergids in 1978 dit duidelik gemaak – deesdae se Israelies sal *nie* 'n nederlaag aanvaar soos wat die selote van Masada byna twee millennia gelede gedoen het nie. Hulle sal hulle vyande saam met hulle neem. 'n Paar kommentators durf erken dat Israel die wapens het – kern en ander wapens – om presies net dít te doen. Terwyl Israelies deesdae 'n bedreiging van Iran in die gesig staar vir hulle voortbestaan, asook Iran se gevolmagtigdes en ander Arabiese en Islamitiese nasies, behoort niemand aan Israel se strewe vir oorlewing te twyfel nie – *Masada sal nooit weer val nie.*

**Profesieë vir vandag**

Een van my belangrikste waarnemings terwyl ek die staat Israel besoek het, was hoe klein dit is. 'n Moderne vegvliegtuig kan binne elf sekondes van die Arabies-oorheersde Wes-oewer-gebied na Tel Aviv vlieg. Hoe sou enigeen van ons daarvan hou dat doodsvyande so naby aan ons woon? Al is Israel hoe sterk, hoe kan hulle hulself verdedig teen so 'n oorweldigende meerderheid? Hoe kon die volk Israel vir so lank oorleef het? God gee vir ons die antwoord in die bladsye van Sy Woord, die Bybel.

Die staat Israel het drie groot oorloë oorleef (1948, 1967 en 1974). So ook twee *intifadas* (gewelddadige opstande wat onderskeidelik ses en vyf jaar geduur het), selfmoord-bomaanvallers en vuurpylaanvalle en nou, ná 75 jaar se bestaan, is hulle vasgevang in die vierde en gevaarlikste oorlog. Elke keer, ongeag hoeveel skade die Israelies opdoen, eindig diegene wat teen hulle kom, bebloed en verslaan. Dit is presies wat die profeet Sagaría voorspel het. Sagaría 12 begin deur die ware feite aan die lig te bring, aangaande wie die Een is agter hierdie profesie – nie 'n speelse spook in die nag of 'n

kristalbal nie, maar die Skepper van die hemel en aarde. "Die HERE spreek, wat die hemele uitsprei en die aarde grondves en die gees van die mens in sy binneste formeer" (vers 1).

Ons lees dan 'n profesie wat oor die afgelope 75 jaar telkens vervul is: "Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot 'n beker van bedwelming, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem. En in díe dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word" (verse 2-3).

Sien ons nie ráák dat die nasies wat Israel en Jerusalem deesdae omring dronk is van haat nie? Kan ons nie sien dat die probleem van Jerusalem 'n baie swaar klip is vir diegene wat wens om van hulle ontslae te raak nie? Kan ons ook nie insien dat almal wat probeer om die probleem op te los – "sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word."

Dink daaroor wat hierdie gedeelte nog vir ons sê. Die feit dat die Jode in beheer van Jerusalem is, is nie sommer 'n onbenullige kwessie nie. God het hierdie profesie 2,500 jaar gelede gegee. Dink daaroor! Sou u daarvan hou om 'n voorspelling te waag aangaande enige stad op enige plek op aarde met betrekking tot die omstandighede wat dit soveel jare in die toekoms in die gesig sou staar? Dink daaraan dat die Romeine die stad Jerusalem in 70 n.C. vernietig het. Daarna in 135 n.C. het hulle die Jode uit hulle vaderland verjaag. Daar was vanaf 135 n.C. tot 1948 nie 'n Joodse staat nie. Hierdie profesie kon nie gedurende enige van daardie 1,813 jaar vervul gewees het nie!

Ons het dit dus nou: Jode in Jerusalem, Jerusalem 'n lastige klip en elkeen wat probeer om die probleem op te los (verwyder dit), word bebloed (in stukke gesny). Wat meer is, is dat alle nasies gesamentlik teen hulle gekant is. By die Verenigde Nasies is daar elke jaar meer resolusies wat Israel veroordeel as veroordelings van alle ander lande saam. In 2022 het die Algemene Vergadering 15 resolusies teen Israel en 13 teen alle ander lande goedgekeur. Is dit alles blote toeval? Hoe kon enige iemand 2,500 jaar in die toekoms, die huidige stand van sake vir daardie klein strokie grondgebied aan die oostelike punt van die Middellandse See voorspel?

Sagaría gaan voort om die lot van die nasies wat teen die Jode opstaan te beskryf. "In dié dag sal Ek die stamhoofde van Juda maak soos 'n pan met vuur onder 'n hoop hout en soos 'n brandende fakkel onder gerwe – hulle sal regs en links al die volke rondom verteer; maar Jerusalem sal nog bewoond wees op sy plek in Jerusalem" (Sagaría 12:6).

Dit klink werklik soos ons huidige tydperk, maar hoe kan ons weet dat hierdie profesieë nie lank gelede vervul is nie? Hoe kan ons weet dat dit vir ons tyd sowel as vir die nabye toekoms bedoel is? Soos hierbo aangetoon, weet ons dat die Jode Jerusalem nié vanaf 135 n.C. tot 1948 beheer het nie en hulle het nie die hele Jerusalem beheer tot en met die Sesdaagse Oorlog in Junie 1967 nie.

Daar is nog meer. Die profesieë van Sagaría 12 duur voort en lei tot die finale stryd om Jerusalem. Die verse wat ons gelees het, voorspel wat gedurende Israel se geskiedenis vanaf 1948 gebeur het, maar die laaste gedeelte van die hoofstuk verwys na 'n baie spesifieke tyd – 'n tyd wanneer die Messías direk sal ingryp en op so 'n wyse dat die Jode sal verstaan dat Jesus Christus waarlik die Seun van God *is*.

> "In dié dag sal die HERE die inwoners van Jerusalem rondom beskut, en die struikelende onder hulle sal in dié dag wees soos Dawid, en die huis van Dawid soos 'n hemelse wese, soos die Engel van die HERE voor hulle uit. Ook sal Ek in dié dag daarna soek om al die nasies wat teen Jerusalem aankom, te verdelg. Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind" (Sagaría 12:8-10).

Dit is 'n profesie van Christus wat ingryp vir Juda en Jerusalem, maar dit sluit 'n profesie in wat Sy eerste koms voorspel – "hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het" – wat die wyse van Sy dood namens ons aandui.

**Die dag van die Here**

Hoofstuk 14 van Sagaria oorvleuel hoofstuk 12 gedeeltelik, maar fokus geheel en al op die krisis in die eindtyd – met Christus se Wederkoms. Die eerste vers gee vir ons die tydsbepaling as "die dag van die HERE". Dit is 'n tyd wat in meer as 30 profesieë beskryf word en dit verwys na die eindtyd. Hier sien ons weereens die irrasionele haat vir die Jode en hulle vyande wat teen hulle opstaan. "Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie" (14:2).

Net soos dit op 7 Oktober 2023 gebeur het, maar op 'n veel groter skaal, sal vroue verkrag word en huise geplunder word. Hierdie keer sal die helfte van Jerusalem as gyselaars geneem word. Dit sal egter meer as net 'n paar terroristegroepe behels. "... al die nasies" sal 'n laaste poging aanwend om die swaar klip uit die weg te ruim. Openbaring 11:2 lig ons in dat wanneer Jerusalem omvergewerp word, dit vir drie-en-'n-half jaar vertrap sal word.

Deur hierdie spesifieke tydperk van Sagaría te vergelyk met die gebeure wat in Openbaring beskryf word, is dit duidelik dat hierdie verse die tyd voorspel wanneer Christus sal terugkeer en die waansin beëindig. "En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd" (Sagaría 14:3). Die gebeure wat in vers 4 beskryf word, sluit die moontlikheid uit dat dit 'n gebeurtenis is wat in die verlede plaasgevind het. Dit is nog in ons toekoms: "En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes *tot* 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide."

Ja, Christus sal ingryp en 'n einde maak aan hierdie sinnelose slagting teen die Jode. Hy sal ook 'n einde maak aan oorlog en vernietiging oor die hele wêreld. "En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (vers 9). Valse godsdiens van enige aard – Islam, Boeddhisme, Taoïsme en ja, heidense "Christendom" – sal nooit weer voor die toets te staan kom nie. Hierdie tyd ná Christus se Wederkoms word deur baie profesieë beskryf, wanneer Jerusalem "Die stad van trou" genoem sal word


# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

(Sagaría 8:3).

Ongelukkig het daardie dag nog nie aangebreek nie. Hoe hierdie huidige oorlog gaan eindig, sal nog maar gesien moet word. Ons weet dat dit nie die finale stryd is wat Christus se Wederkoms sal meebring nie, namate ander geprofeteerde gebeure volgens die Skrif, eers moet plaasvind. Daar is egter nog 'n ander profesie aangaande Juda – die Joodse staat wat Israel genoem word – dit het onheilspellende implikasies. Die nasies van Britse afkoms (Efraim) of hulle Amerikaanse bondgenote (Manasse) en Juda (die Jode), het nie hulle Skepper gehoorsaam nie. Alhoewel God se Woord, deur hierdie werk – die Wêreld van Môre – verkondig word en hulle gewaarsku het, weier hulle om hulself te bekeer en kies hulle eerder om volgens menslike voorskrifte te leef (Hoséa 5:9-12). Die eindresultaat? "Toe Efraim sy krankheid sien en Juda sy sweer, het Efraim na Assur gegaan en na koning Jareb gestuur; maar hý kan julle nie genees en julle van die sweer nie gesond maak nie" (vers 13).

Daar was 'n vorige vervulling van Hoséa se profesie en soos dit dikwels die geval is, sal daar 'n vervulling in die laaste dae wees. In die nabye toekoms, op een of ander stadium, sal Juda 'n rampspoedige slag beleef en dit *kan* moontlik tydens hierdie oorlog gebeur – 'n wond erger as enigiets wat tot dusver gesien is. Wat dit presies sal wees, moet nog gesien word, maar selfs na Christus se Wederkoms sal die Jode steeds 'n bekwame vegende mag behou (Sagaría 14:14).

'n Duisend jaar voor Sagaría het Moses 'n profesie opgeteken en dit sou goed wees vir die vyande van Juda indien hulle sou ag slaan hierop. Aan die einde van sy lewe het Jakob, wie se naam na Israel verander is, sy twaalf seuns bymekaargeroep en aan hulle vertel wat aan die einde van die eeu met hulle sou gebeur. Hy het gesê: "Kom bymekaar, dat Ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wedervaar. Versamel en hoor, seuns van Jakob, en luister na Israel, julle vader!" (Génesis 49:1-2).

Juda was een van Jakob se twaalf seuns. Ons weet dat Juda se nageslag die Jode is. Daar word nie net vir ons gesê dat die septer – of die heerser – van hom sou kom nie (vers 10), maar daar word ook aan ons vertel dat Juda soos 'n wrede leeu teenoor sy vyande sou wees. "Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. Juda is 'n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag?" (Génesis 49:8-9). Is dit nie wat ons die afgelope 75 jaar gesien het nie? Iran, wat duidelik agter Hamas is, het 'n slapende leeu wakker gemaak.

Ons het egter ook in hierdie profesieë oor Juda en Jerusalem gesien dat dit 'n moeilike tyd vorentoe sal wees. God *sal* uiteindelik toelaat dat Jerusalem oorwin word. Eers dan sal die Messías terugkeer om Juda en die hele wêreld te red van die mensdom se probleme wat hulle self veroorsaak het. Na Christus se Wederkoms, sal mense regoor die aarde verstaan wie die God van Israel is – dat Sy weg die enigste weg na vrede, voorspoed en eensgesindheid is.

> "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:2-4).

Ons haal dikwels hierdie woorde van God aan wat die profeet Jesaja gespreek het: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal

*Vervolg op bladsy 20*

# O Kanada! Kanada verkies chaos

## Deur Stuart Wachowicz

**Maak die wêreld nie meer sin nie?** Die antwoord vir baie Kanadese is *ja*. Oorweeg byvoorbeeld die onderwerp van 'n artikel in *The Western Standard* (*"50-year-old biological male competes against 13-year-old girls in Markham swim meet," WesternStandard.news*, 25 Oktober 2023). Die artikel berig dat rekords tydens 'n swembyeenkoms in die streek van Markham, Ontario, toon dat 'n 50-jarige man wat beweer dat hy 'n "transvrou" is, toegelaat was om te kompeteer teen jong meisies van 13 tot 14 jaar oud in 'n swemkompetisie. Blykbaar het die hoofstroom nuusmedia dit as "normaal" genoeg beskou om nie eers nuuswaardig te wees nie. Dit blyk dat baie ouers woedend was, maar selfs nadat die artikel gepubliseer is, is geen stappe geneem om te verhoed dat sulke wangedrag herhaal word nie.

Elkeen wat hierdie artikel lees weet dat so iets kort gelede nie toegelaat sou word nie en indien dit sou plaasvind, sou die gevolge baie ernstig gewees het. Wat het met die samelewing se waardes gebeur dat iets wat vroeër as laakbaar beskou was, nou as normaal beskou word? Ons voorganger in hierdie Werk, mnr. Herbert W. Armstrong, het graag daarop gewys dat daar 'n oorsaak vir elke gevolg is. Wat is dan die oorsaak vir die gevolg wat ons so pas beskryf het?

**Oorlog teen die Bybel**

Moontlik kan 'n ander onlangse gebeurtenis in Kanada lig werp op hierdie vraag. Die *National Post* het gedurende Oktober 2023 berig dat Kanadese militêre kapelane 'n skrikwekkende opdrag ontvang het.

> Nuwe riglyne is aan militêre kapelane uitgereik wat hulle opdrag gee om "respek te betoon teenoor ... geestelike diversiteit" tydens openbare toesprake, om "geslagsgebaseerde ontleding" te gebruik en om godsdienstige simbole soos kruise en sterre van Dawid te vervang met 'n algemene kapelaan se wapen. Dit kan die einde beteken van die rol in Kanada se gewapende magte, sê 'n langsdienende veteraan van die kapelaanskap.
>
> "Dit is 'n verdere stap op die pad om godsdiens heeltemal uit te skakel in die weermag", het Vader Timothy Nelligan gesê. (*"Directives to military chaplains urge expunging God, religion from Remembrance Day, public ceremonies," NationalPost.com*, 27 Oktober 2023).

Die riglyne het verder gelui dat enige godsdienstige taal of vermelding van God uitgelaat behoort te word tydens openbare seremonies by geleenthede van nasionale Herinneringsdag wat jaarliks op 11 November gehou word om Kanada se gesneuweldes asook dié van al die magte van die Britse Ryk en Statebond te herdenk. Die kapelane behoort "sensitief en inklusief" te wees, wat basies beteken dat 'n Rooms-Katolieke kapelaan nie 'n uitsluitlik Katolieke gebed kan doen nie! 'n Protestantse kapelaan kan nie 'n Protestantse gebed doen nie en 'n rabbi kan ook nie 'n Joodse gebed doen nie. Met ander woorde, geestelikes wat in die weermag dien, moet godsdienstige oortuigings en taal by enige openbare geleentheid heeltemal vermy.

Trouens, 'n ondersteunende verslag van die minister van verdediging se skrywe oor rassisme en diskriminasie "het aanbeveel dat Kanada nie meer kapelane uit gelowe met meer tradisionele oortuigings aanstel nie". Die *National Post* se verslaggewer het selfs die volgende opmerking gemaak: "Die verslag lui dat Godsdiens beskou behoort te word as 'n

'bron van lyding en trauma deur generasies heen' vir sommige Kanadese ... Die verslag lui verder dat baie Kanadese militêre kapelane, 'verteenwoordig of geaffilieer is met georganiseerde godsdienste waarvan die oortuigings nie ooreenstem met dié van 'n diverse en inklusiewe werkplek nie'".

Met ander woorde, terwyl gebede nie verbied word nie, moet die kapelane woorde gebruik waarmee almal kan saamstem, ongeag hulle keuse van lewenstyl of selfs hulle verwerping van die konsep van God. Dit wil voorkom of die regeringsadministrasie bepaal het dat die inhoud van "godsdiens" 'n soort algemene spiritualiteit sal wees en nie die oortuigings en leringe van 'n gegewe geloof nie, verál nie 'n geloof wat vanuit die Christelike Bybel afgelei is nie.

In 'n artikel in die Britse publikasie, *The Conservative Woman*, beskryf 'n afgetrede Presbiteriaanse predikant die ontstellende en opsetlike aanval wat teen Bybelse waardes in Kanada uitgevoer word:

> Outoritêre state en organisasies het die Christelikheid nog altyd beskou as 'n struikelblok vir hulle doelstellings van 'n samelewing ... Die totalitêre state het dus probeer om die invloed van Christelikheid op die samelewing te verminder of selfs heeltemal uit te roei. In hierdie opsig volg die hedendaagse Weste se "*woke*" [bewusmaking van rassistiese vooroordeel en diskriminasie] en progressiewe groepe en ander revolusionêre organisasies, van beide links en regs, wat sedert die Franse Revolusie


# Wie of Wat is die Antichris?

*Kan u uit die bybel bewys wie of wat die geprofeteerde Anti-Chris werklik is? Hierdie is nie die een of ander geheime, kriptiese onderwerp nie. U korrekte begrip hiervan mag bepaal of u in staat sal wees om die rol wat God vir u in Sy Koninkryk beplan te vervul, al dan nie!*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

probeer het om Christelikheid te vernietig, namate hulle gepoog het om die wêreld te herskep (*“Canada's war on Christian rights,”* 24 Mei 2022).

Daar word spesifiek verwys na die huidige Kanadese regering se optrede, noem die skrywer dat menseregte geleidelik afneem en dat dit ooreenstem met die uitvaardiging van wette wat Bybelse oortuigings oor die aard van die mensdom en die struktuur van ons samelewing verwerp. Hy haal verskeie voorbeelde aan wat die mate van vyandigheid teenoor Bybelse waardes aantoon deur administratiewe beamptes asook 'n regterlike gesag wat neig na 'n “progressiewe” posisie in opposisie met die instelling van etiek wat deur die Bybel vir millennia geïnspireer is. In 2017 het 'n Presbiteriaanse egpaar voor regsuitdagings te staan gekom in hulle strewe om pleegouers vir twee dogtertjies te word. Hulle aansoek is aanvanklik afgekeur omdat hulle aan die maatskaplike werker erken het dat hulle nie vir die kinders sou vertel dat die paashaas nie werklik bestaan nie.

In 'n ander geval in 2018 was Trinity Western, 'n evangeliese universiteit in Brits-Columbië, onsuksesvol in sy regstryd by die Hooggeregshof van Kanada. Die universiteit se voorneme om 'n regsdepartement te begin, het teenstand ondervind toe drie regsbanke in Kanada geweier het om sy gegradueerdes erkenning te gee. Dit was as gevolg van die universiteit se beleid, wat vereis het dat studente 'n “Gemeenskapsverbond” moes aanhang wat die Christelike skriftuurlike begrip van menslike seksualiteit handhaaf. Alhoewel die Hooggeregshof erken het dat hierdie besluit inbreuk maak op godsdiensvryheid, het hulle tog beweer dat die uitspraak 'n gebalanseerde en redelike benadering was. Dit was om te verseker dat LGBTQ-studente, wat dalk huiwerig sou wees om tot die verbond in te stem, toegang tot die universiteit se programme kon verkry.

Dalk is een van die veelseggendste opmerkings gemaak deur die federale minister van justisie, David Lametti, tydens die bespreking van wetgewing wat berading onwettig sou maak vir individue wat 'n LGBT-leefstyl wil verwerp. Lametti het die verbod op omskakelingsterapie bespreek en gesê dat “omskakelingsterapie gebaseer is op 'n leuen wat impliseer dat om homoseksueel, lesbies, biseksueel of trans te wees verkeerd is en dit is nodig dat dit reggestel word. Dit is nie net vals nie, dit stuur 'n neerhalende en vernederende boodskap uit wat die waardigheid van individue ondermyn”. Volgens Lametti se standpunt behoort alles wat in die Bybel openbaar word oor die doel van geslag en die gesonde uitdrukking van seksualiteit as 'n aanstootlike valsheid verwerp te word.

**Op die pad van vernietiging**

Wat veroorsaak dat die samelewing oënskynlik glo dat dit normaal is vir 'n 50-jarige man om soos 'n 13-jarige meisie by 'n swembyeenkoms behandel te word?

Die Bybel gee 'n gedetailleerde weergawe van wat met 'n samelewing gebeur wanneer God se ononderhandelbare riglyne verwerp word. Die boek Rigters beskryf die nasie Israel wat in 'n chaotiese, verarmde en onderdrukte toestand leef. Die rede is duidelik: “In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë” (Rigters 21:25).

Dit is deesdae die geval in Kanada, waar owerhede al hoe meer Godgegewe ononderhandelbare riglyne wat reg en verkeerd definieer, verafsku en verwerp. Die nasie dryf dus doelloos na onsedelikheid wat lei tot chaos, wetteloosheid, verarming en uiteindelike vernietiging.

Die profeet Jesaja het verkondig: “Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg” (Jesaja 5:20). Die *Wêreld van Môre* sal voortgaan om God se Woord te verkondig, selfs al aanvaar die Westerse samelewing die onlogiese as logies en dwaasheid as wysheid. WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Die WERKE van Sy hande

## Die Behemot onder ons voete

Deur Bryan Fall

'n Groot deel van die grootsheid van ons Skepper se ontwerp is nie sigbaar vir ons nie – met inbegrip van die grootste enkele organisme op ons planeet.

Gedurende die 1990's, het 'n span jong Ph.D.-kandidate hulle weg deur die bos gebaan in die woude waar hardehout en dennebome van die Bo-Skiereiland Michigan is en hulle het van tyd tot tyd in die grond gegrawe. Hulle het hulle hande diep in die verrottende vloer van die woud ingegrawe op soek na vreemde swart ranke wat ver en wyd tussen die boomwortels uitgestrek het. Deur ontleding van elke grondmonster met DNA-"vingerafdrukke", was Myron Smith en sy kollegas op soek na die grense van 'n individuele reuse *miselium*-swam. Vir die hele eerste jaar van veldwerk kon die hardwerkende studente nie die rand waar die organisme geëindig het vind nie *("Strange but True: The Largest Organism on Earth Is a Fungus," Scientific American*, 4 Oktober 2007).

Hierdie enorme swam het die navorsers verstom, wat selfs toé die spesie se potensiële grootte grootliks onderskat het. In 2003 is daar nog 'n gróter en ouer swam-organisme in Oregon se Blouberge ontdek. Hierdie spesifieke swam, *Armillaria ostoyae*, wat algemeen bekend is as die heuning-swam, beslaan 2,384 hektaar (vier vierkante myl), weeg meer as 7,500 ton en is na raming iewers tussen 2,400 en 8,000 jaar oud. Dit maak dit die grootste organisme op die planeet, volgens die area, gewig en volume – rofweg gelykstaande in gewig aan 40 blouwalvisse. Die grootste deel van die groot massa is onder die grond soos swart draadjies, gelyksoortig aan plant wortels. Dit verskyn bo die grond en is sigbaar slegs as klein vrug-liggaampies of sampioene wat help om die organisme te versprei.

Bloot net die grootte van hierdie swamme het bioloë oraloor se belangstelling geprikkel. James Anderson, een van die oorspronklike ontdekkers van die Michigan-swam, word deur die *Smithsonian Magazine* aangehaal: "Ek wens al die substraat [grond, hout en ander materie waarop die swam groei] sou vir vyf minute deursigtig wees, sodat ek kon sien waar dit [die swam] is en wat dit doen. Ons sou soveel leer uit 'n vlugtige blik van vyf minute" ("*This Humongous Fungus Is as Massive as Three Blue Whales*," *Smithsonian Magazine*, 15 Oktober 2018). Selfs in die hedendaagse tyd, met ons mees gesofistikeerde instrumente, kan iets wat so groot is steeds wetenskaplikes se vermoëns ontduik om dit volledig te bestudeer.

### 'n Lewende, florerende netwerk

Wetenskaplikes begín nou eers die algemene funksie van die miselium in die ekosisteem verstaan en dit is net so ongelooflik soos die grootte daarvan. Dit kan óf 'n wedersydse positiewe ("simbiotiese") impak of 'n negatiewe ("parasitiese") impak hê op die bome waarmee dit die omgewing deel. Miselia neem suiker op in die vorm van plantstysels vanaf boomwortels en maak op hulle beurt verskeie minerale en voedingstowwe meer beskikbaar vir die wortels. 'n "Mikorisa-netwerk" [swamwortelnetwerk] kan tussen die bome binne 'n woud vorm wanneer hulle dieselfde tipe miselium deel. Lank voordat rekenaarwetenskaplikes aanlyn saamgewerk het, het hierdie swamboom-netwerk voedingstowwe tussen wortels en filamente [draadjies] gedeel en selfs toestande van spanning, chemies gekommunikeer. Wanneer bome bedreig word deur gevare soos indringerplante of skadelike insekte, kan omliggende bome, verdedigende chemikalieë vrystel om die bedreiging af te weer *("Exploring the Underground Network of Trees – the Nervous System of the Forest," Harvard.edu*, 6 Mei 2019).

Aan die ander kant kan hierdie organismes nie net dooie bome verteer en vernietig nie, maar ook lewende

bome. Hierdie parasitiese vermoë mag nogtans 'n paar voordelige uitwerkings hê, wat 'n groter verskeidenheid boomspesies wat in 'n woud groei, verseker en woudweerstand teen boomsiektes en insekte verbeter. Baie soos bosbrande wat, alhoewel dit gevaarlik is, langtermyn woudgesondheid bevorder, bied parasitiese *mycelia* nog 'n ander tipe "snoei" van woude wat help om balans te handhaaf.

Vir duisende jare het die mensdom geen benul gehad van die planeet se massiewe organismes net onder ons voete nie. Daar is sekerlik nog baie om te ontdek. Soos 'n kind wat in 'n konyntonnel loer, kry ons net 'n vlugtige blik van die andersins onsigbare en onontdekte.

**Selfs die verborge dinge getuig**

Die hele skepping, sigbaar of onsigbaar, verskaf bewyse van God se bestaan. "Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie" (Romeine 1:20), Anders gestel, sê die Psalmis: "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande" (Psalm 19:2).

Die grootste deel van die deurdringende Internet kan nie gesien word nie – nogtans is baie mense egter verstom oor die omvang van die inhoud daarvan en niemand sou kon sê dat dit toevállig plaasgevind het nie. Niemand kan redelikerwys beweer dat enige vorm van inligtingstelsel of tegnologie deur enigiets anders as die intelligente ontwerp van ingenieurs en rekenaarwetenskaplikes tot stand kon kom nie. Net so kon die vlak van kompleksiteit, genetiese inligting en chemiese "tale" wat in massiewe miselium netwerke gevind word, nooit afsonderlik of toevallig ontwikkel het nie. Die miseliale netwerk kon homself nie meer spontaan verweef het soos wat 'n nuwe denimgaringdraad homself spontaan in 'n denimbroek kon weef nie.

Soos die nederige miseliumswam, is baie van die grootsheid van ons Skepper se ontwerp vir ons verborge. Duisende jare voordat menslike wesens ooit daarvan geweet het, was die swam noodsaaklik vir die handhawing van bome se lewens en woude se gesondheid deur sy chemiese fabriek, inligtingsnetwerk, verdedigingstelsel en skoonmaakpersoneel. Ontelbare generasies van mense sowel as diere het die aarde bewandel, onbewus van die behemot [reusagtige verskynsel] wat onder ons skuil. Net so word ons onbewustelik omring deur sommige van die mees asemrowende aspekte van die skepping of ons daarvan bewus is of nie.

**Die hemelse heerlikheid rondom ons sowel as in die toekoms**

Lank gelede en ver van die woude van Michigan of Oregon, het 'n oomblik van verwondering en ontsag ontstaan toe twee mans bewus gemaak is van die onsigbare, allesomvattende krag van God. In Dotan, op die suidelike vlakte van Jisreël – nou 'n betwiste Joodse nedersetting op die Wesoewer – is die profeet Elísa en sy dienaar agtervolg. 'n Wraaksugtige koning se leër het Dotan in die nag omsingel en toe Elísa se dienaar die volgende oggend opstaan, staar die vreesaanjaende beeld van die perde en strydwaens van die Arameërs wat die stad omsingel, hom in die gesig.

Elísa het gereageer en sy beangste dienskneg gerusgestel met die woorde: "Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is" (2 Konings 6:16). Die profeet van God het omgedraai en gebid: "En Elísa het gebid en gesê: HERE, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die HERE het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elísa" (2 Konings 6:17).

Elísa het op daardie oomblik vir God gevra om sy dienaar se oë oop te maak vir wat reeds daar was. Hulle oë het toe albei oopgegaan vir die werklike krag wat bestaan het nog voordat hulle gebore was en sou voortbestaan nadat hulle gesterf het. Selfs wanneer dit onsigbaar is vir die oë van die mens, is God, Sy engele en die geesteswêreld baie werklik en allesomvattend. Die geestesryk is baie groter en baie meer uitgestrek as slegs 40 blouwalvisse. Reg rondom die twee mans wat in Dotan geskuil het, was duisende engele in al hulle onsigbare, vurige glorie – wat God se sterflike dienaars die hele tyd omring en beskerm het.

Die apostel Paulus het vir die mense van sy tyd gebid en gevra dat die "verligte oë van julle verstand, sodat julle kan

weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte" (Efésiërs 1:18-19). Die werke van God se hande, wat die stof van die fisiese skepping uitmaak, is 'n uitstekende getuie van asemrowende ontwerp deur 'n Meesterskepper. In 'n era van dreigende gevaar, sal dit goed wees om ons oë vir daardie getuienis oop te maak.

WvM


## Die ware God: bewyse en beloftes

*Waarom* is die God van die heelal nie vandag vir mense *werklik* nie?

**Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.**

Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org

## Die Bybel: Feit of fiksie?

***Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

# Onthou Jesus se Goue Reël

## Deur Josh Lyons

### Ons het dit meer as ooit nodig.

Gedurende die somer van 2023 het ek die voorreg gehad om op die sagtebal se personeel te dien by 'n tienerkamp van die Lewende Kerk van God. 'n Belangrike tema wat ons by ons kampe aan die jongmense leer, is die belangrikheid daarvan om alle dinge deeglik, ordelik, sistematies en in vrede te doen (1 Korinthiërs 14:33, 40). Ons onderrig hulle ook wat betref baie ander waardes uit die Bybel en een van die Bybelse beginsels wat veral in 2023 'n paar keer ter sprake gekom het – nie net in sagtebal nie, maar ook in basketbal en ander klasse – was die beginsel wat dikwels die "Goue Reël" genoem word.

Die Goue Reël kom uit Jesus se woorde in die Bergpredikasie: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete" (Matthéüs 7:12; vergelyk Lukas 6:31). Wát 'n potensieel wêreld veranderende beginsel wat nou meer as ooit nodig is! Soos gewoonlik het Jesus dit die beste gestel.

Van besondere belang is hoe Jesus 'n groot deel van die Ou Testament met hierdie beginsel opgesom het en Hy was nie die enigste een nie. Die apostel Paulus het 'n soortgelyke stelling gemaak: "Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Galàsiërs 5:14). Baie mense wat nie met hulle Bybels vertroud is nie, besef nie dat Paulus, soos Jesus, 'n belangrike Ou-Testamentiese leerstelling aangehaal het soos wat in Levítikus 19:18 gevind kan word nie.

Die Goue Reël laat my dink aan my oorlede ouma by wie ek 'n klein, antieke-tipe muurversiering ontvang het met die titel, "Die Goue Reël" en dan daaronder: "... soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen." Dit is in my huis as 'n gekoesterde herinnering aan Jesus se onderrig en ook aan my ouma, 'n lieflike, vrygewige dame (ook "baie energiek", soos sy sou sê) wat 'n vreemdeling ontmoet wat dan 'n vriend word – 'n uitstekende voorbeeld van iemand wat daarna streef om getrou volgens Jesus se Goue Reël te leef.

Christene moet daarna streef om die Goue Reël as 'n kern in gedagte te hou, aangesien dit maklik 'n afgesaagde uitdrukking kan word. Dit verg 'n deurdagte poging van ons kant af om hierdie slaggat te vermy.

**Altyd toepaslik**

Die beginsel van die Goue Reël is veel meer as 'n afgesaagde uitdrukking. Dit is in werklikheid uiters prakties en toepaslik in byna al ons interaksies en verhoudings, soos ons deur verskeie skrifture in die Ou Testament herinner word. Een toepaslike omslagtige voorbeeld is ons noukeurige aandag werd:

> "JY mag die bees van jou broer of sy stuk kleinvee nie sien ronddwaal en jou vir hulle verberg nie; jy moet hulle sekerlik na jou broer terugbring. En as jou broer nie naby jou is nie en jy hom nie ken nie, moet jy dit in jou huis neem, en dit moet by jou wees totdat jou broer dit soek; dan moet jy dit aan hom teruggee. So moet jy ook doen met sy esel, en so moet jy doen met sy kleed, ja, so moet jy doen met alles wat van jou broer wegraak, wat hy verloor en wat jy vind; jy mag jou nie verberg nie. Jy mag die esel van jou broer of sy bees nie sien val op die pad en jou vir hulle verberg nie; saam met hom moet jy hulle sekerlik ophelp" (Deuteronómium 22:1-4).

Dit herinner ons daaraan

*Vervolg op bladsy 21*

# Die ware oorsaak van moeilikheid in die Midde-Ooste!

## Deur Mario Hernández

Net God se Woord kan die oorsaak verduidelik vir die voortdurende konflikte wat die hedendaagse nasie van Israel ervaar.

Dit kom voor asof niemand – geen politikus, geen diplomaat, geen geleerde – werklik die oorsprong van die probleme in die Midde-Ooste verstaan nie! Waarom is daar sulke aanhoudende geweld? Waarom is daar soveel haat tussen die Palestyne en die Jode?

Dit is slegs in die lig van God se Woord dat ons kan verstaan! Daar is nêrens waar u 'n ware en vollediger verduideliking kan vind van wat in die Midde-Ooste aangaan nie. Ons kan dit slegs verstaan vanuit die bladsye van die Bybel.

**'n Geheimsinnige verwysing**

Israel se Eerste Minister premier, Benjamin Netanyahu, het dalk per toeval 'n wenk gegee van die waarheid wat betref die konflik, in 'n brief wat hy in November 2023 aan sy nasie se verdedigingsmagte geskryf het, ná die gruweldade van 7 Oktober 2023. Hy het geskryf: "Die huidige stryd teen die moordenaars van Hamas is nog 'n hoofstuk in die geslagtelange verhaal van ons nasionale herstellingsvermoë. 'Onthou wat Ámalek aan julle gedoen het'".

Deur Deuteronómium 25:17 aan te haal – "DINK aan wat Ámalek op die pad by julle uittog uit Egipte aan jou gedoen het," – het Netanyahu 'n ontembare vuurstorm van twis ontketen. Sommige mense het dit as 'n oproep tot volksmoord gesien, terwyl ander mense beweer het dat hy die steun van godsdienstige konserwatiewes gesoek het om genoeg stemme te behou om aan bewind te bly. (Sien mnr. Peter Nathan se artikel, "Jerusalem: Die pad vorentoe" in die November-Desember 2024-uitgawe).

Min mense – waarskynlik nie eers die eerste minister self, verstaan werklik die diepgaande verband tussen daardie aanhaling en die *werklike* oorsaak van die huidige probleme in die Midde-Ooste nie!

Baie mense is geneig om alle konflik in die Midde-Ooste te sien as konflik tussen *Isak* en *Ismael*, wat Abraham se eersgebore seuns deur Sara en Hagar was. Ondanks die vyandigheid tussen die nageslagte van hierdie broers, beklemtoon die Bybel dit nie in besonder nie. Ja, soos Psalm 83 openbaar, is Ismaeliete samesweerders teen Israel in die eindtyd – soos wat die *Wêreld van Môre* al baie keer genoem het. Die huidige konflik is egter *nie* hoofsaaklik tussen hierdie twee broers nie!

My Vriende, ons moet nóg dieper in God se Woord vir die waarheid delf. Ons kan met Netanyahu se stelling begin deur te vra: *Wie is Ámalek*?

**Wie is Ámalek?**

Ons begin verstaan deur van Ámalek in Exodus 17 te lees. Israel het pas die Rooi See oorgesteek en toe "het Ámalek gekom om teen Israel by Ráfidim te veg" (vers 8). Hierdie aanval staan in die Bybel se geskrifte uit as buitengewoon aanstootlik vir God. Die Ewige was só kwaad deur die optrede van die Amalekiete dat Hy in geen onsekere terme verklaar: "Waarlik, die hand op die troon van die HERE! Oorlog het die HERE teen Ámalek van geslag tot geslag" (vers 16).

Trouens, die meeste vertalings van Exodus 17:16 slaag nie daarin om die intensiteit van God se aanstoot te openbaar nie. Die bekende Bybelgeleerde Adam Clarke, wat dit raaksien, gee nog 'n moontlike vertaling vir hierdie vers: "Omdat *die hand van Ámalek teen die troon van God is*, daarom sal ek van geslag tot geslag oorlog voer met Ámalek".

God sê dat Ámalek se hand teen Sy eie troon opgehef was!

Waarom was hierdie aanval só ernstig in God se oë? Baie ander volke buiten die Amalekiete het Israel aangeval – selfs tydens die verowering van die Heilige Land. Waarom het God Ámalek se optrede in so 'n ernstige lig beskou?

Kom ons lees meer be-

sonderhede in Deuteronómium 25: "DINK aan wat Ámalek op die pad by julle uittog uit Egipte aan jou gedoen het, hoe hy jou op die pad teëgekom het en by jou die agterhoede, al die swakkes agter jou, verslaan het terwyl jy moeg en mat was hy God nie gevrees het nie" (verse 17-18).

Hou in gedagte dat hierdie 'n beskrywing is van 'n *terroriste-aanval*. Wat is die drie kenmerke van terroriste-aanvalle? Hulle val van *agteraf* aan, hulle val weerlose *burgerlikes* aan en hulle kom *nie* van aangesig tot aangesig met die weermag nie.

Dit is presies wat ons op 7 Oktober 2023 gesien het. Hamas het van agter aangeval, hulle het nie voor die weermag te staan gekom nie en hulle het weerlose burgerlikes aangeval. Hulle het die swakkes en hulpeloses aangeval, net om om te draai en weg te kruip agter hulle eie vroue en kinders in Gasa-tonnels. Dít is hoe Hamas te werk gaan!

Die Amalekiete het in sy terroriste-aanval teen antieke Israel vir God baie aanstoot gegee – wat ooreenstem met die terrorisme van Hamas!

Ons kan dus sien waarom Netanyahu se brief 'n mens aan die terrorisme van Ámalek sou herinner. Die *werklike* verband tussen Ámalek en die huidige probleme is egter baie dieper gesetel!

**'n Geboortereg wat verag is**

Ons lees in Génesis 36 dat Ámalek die kleinseun van die antieke aartsvader Esau was wie gebore is vir Esau se eersgebore seun Élifas (verse 9-12). Waarom is dit belangrik?

Esau was die tweelingbroer van Jakob, wie uiteindelik die vader sou wees van die twaalf stamme van Israel – met inbegrip van die Jode van Juda en die land sou beërf wat aan Abraham en Isak beloof is. Selfs in hulle moeder se skoot het Esau en Jakob teen mekaar gestoot (Génesis 25:21-23)! God het selfs vóór hulle geboorte aangedui dat hierdie tweeling die stamvaders van twee volke sou wees wat deur die eeue teen mekaar sou veg, soos ons sal sien.

As die eersgeborene van die twee (Génesis 25:25), het Esau oorspronklik die eersgeboortereg gehad – met inbegrip van die reg om die Heilige Land te besit wat God aan Abraham en Isak beloof het. Daardie land sou Esau s'n wees en sou aan sy nageslag oorgedra gewees het – met inbegrip van Ámalek.

Hoe het dit gebeur dat Jakob en die volk van Israel die land geërf het, in plaas van Esau en sy nageslag?

Nadat Esau teruggekeer het huis toe na 'n jagtog het hy gevind dat sy broer Jakob besig was om 'n rooi lensiebredie voor te berei. Esau was moeg en honger en het sy broer gevra om die bredie met hom te deel. Jakob het ingestem om vir hom daarvan te gee – maar *slegs* op voorwaarde dat Esau sou sweer om die eersgeboortereg aan hom oor te dra (Génesis 25:29-33). Sonder om daaroor na te dink het Esau dit toe gedoen: "Toe antwoord Jakob: Sweer eers vir my. En hy het vir hom gesweer en sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop. En Jakob het aan Esau brood en die kooksel lensies gegee; en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. So het Esau dan sy eersgeboortereg verag" (Génesis 25:33-34).

Esau het sy eersgeboortereg prysgegee en dus het hy *afstand* gedoen van die reg om die Heilige Land te erf, wat toe in plaas daarvan na Jakob se nageslag sou gaan. Deur daardie eersgeboortereg prys te gee – om dit te *verag*, sê die Bybel – het Esau 'n ernstige swakheid van karakter geopenbaar. Hy het sy primitiewe basiese instinkte in sy besluitneming laat seëvier (Hebreërs 12:16).

Die gevolge van sy besluit was *vir ewig*, soos Psalm 105 verklaar: "Hy, die HERE, is onse God; oor die hele aarde is sy oordele. Hy dink vir ewig aan sy verbond, aan die woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte – *die verbond* wat Hy met Abraham gesluit het, en sy eed aan Isak; wat Hy ook vir Jakob as insetting bekragtig het, vir Israel as 'n ewige verbond, met die woorde: Ek sal aan jou die land Kanaän gee, julle aangewese erfdeel" (vers 7-11).

Die eersgeboortereg, met inbegrip van die Heilige Land, is dus vir ewig aan die seuns van Jakob gegee. God het Jakob se naam verander na "Israel", wat "Oorwinnaar met God" beteken (Génesis 32:28), terwyl Esau van toe af "Edom" genoem is, wat "rooi" in Hebreeus beteken, omdat hy sy eersgeboortereg verkoop het vir 'n bak rooi bredie (Génesis 25:30; 36:8).

Esau het voortgegaan om met vroue uit die Hetiete, Kanaäniete en Ismaeliete te trou en 'n volk gevestig wat as Edomiete bekend sou word, wat aanvanklik in die streek gewoon het wat Edom of Iduméa, suid

van die Beloofde Land, genoem is.

**Die Edomiete se "voortdurende haat"**

Terwyl Esau en Jakob wel later in hulle lewens versoen geraak het (Génesis 33), maak die Bybel melding van 'n ewige haat en wrok wat voortgeduur het tussen hulle nageslagte, namate die Edomiete voortdurend gehunker het na die geërfde land wat hulle voorvader verkwansel het vir 'n bak lensies.

Nebukadnésar van Babilon het Juda verower en die tempel vernietig. Daarna het die Edomiete van die suide hulle saam met die Babiloniërs geskaar. Psalm 137:7 dui aan dat die Edomiete oor die vernietiging van Jerusalem gejuig en gesê het: "HERE, bring in herinnering vir die kinders van Edom die dag van Jerusalem, hulle wat gesê het: Breek weg, breek weg, tot op die grond met hom!" Obadja teken God se veroordeling van Edom aan "Weens die geweld teen jou broer Jakob gepleeg" (vers 10) en let daarop dat die Edomiete by die Babiloniërs aangesluit het in die vernietiging van Jerusalem en selfs die vlugtelinge wat ontsnap het doodgemaak het.

Die profeet Eségiël skryf oor die Edomiete se afgunstige begeerte om die land te besit: "Omdat jy sê: Die twee nasies (die land wat deur die noordelike en suidelike stamme van Israel beset was) daar en die twee lande sal myne wees, en ons sal dit in besit neem – terwyl tog die HERE daar gewees het – daarom, sowaar as Ek leef, spreek die Here HERE, Ek sal handel volgens jou toorn en jou naywer waarmee jy uit jou haat teen hulle gehandel het; en Ek sal onder hulle bekend word as Ek jou oordeel" (Eségiël 35:10-11).

God se Woord is *duidelik*: Selfs ná duisende jare verlang Esau se nageslag steeds daarna om die land te "besit" en vir hulleself te sê dat dit "myne sal wees", wat daartoe lei dat hulle in "afguns", "woede" en "haat" optree.

God het vir Amos geïnspireer om aan te teken: "Oor drie oortredinge van Edom, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hy sy broer [Jakob, Israel] met die swaard agtervolg het en sy jammergevoel verstik het, sodat sy toorn altyd verskeur en hy gedurigdeur sy grimmigheid behou" (Amos 1:11). Weereens sien ons dat die woede van Esau se nageslag oor die verlore erfenis 'n *ewigdurende gramskap* is en dat Edom "gedurigdeur sy grimmigheid behou."

Daardie hatige gesindheid teenoor Israel en daardie eeue-lange hunkering na die verlore erfenis wat die Edomiete kenmerk – kan gesien word in die terroriste-aanval van die Amalekiete. In hulle gewelddadige begeerte om die beloofde land vir hulleself in besit te neem – wat hulle voorvader vir 'n bak sop verkoop het – veg hulle in werklikheid teen wat *God* vasgestel het. Soos wat Exodus 17 sê, deur dit te doen, hef hulle hulle hand op teen die troon van die Almagtige God, Self!

Wie is Ámalek dan? Ámalek is 'n besonder gewelddadige afstammeling van die Edomiete – wat van Esau afstam – wat steeds aanspraak maak op die verlore erfenis as hulle eie en teen wie God oorlog verklaar het "van geslag tot geslag"!

**Wie is die Palestyne?**

My vriende, laat ons nou terugkeer na die hede en vra, *Wie is die Palestyne?*

Ons kan sekerlik ooreenkomste tussen deesdae se Palestyne en die Edomiete van die Bybel sien – ten minste in hulle gesindheid. Die krete van "Van die rivier tot by die see!" weerspieël die sentiment van Esau en Edom, naamlik jaloesie om 'n land te besit wat God nié aan hulle gegee het nie, maar aan die nageslag van Israel. Die gruwelike en lafhartige terroristiese aanval van 7 Oktober weerspieël duidelik die antieke terrorisme van ouds van Ámalek. Indien ons die beginsel wat Jesus onderrig het gebruik en probeer om "hulle aan hul vrugte [te] ken" (Matthéüs 7:20), behoort die identiteit van die Palestyne in die Bybel duidelik te wees!

Is dit moontlik dat die hedendaagse Palestyne inderdaad van die afstammelinge van Esau is? Is hulle hedendaagse Edomiete?

Moenie deur die woorde "Palestyn" of "Palestina" verwar word nie. Vroeg in die tweede eeu n.C., met die onderdrukking van die Tweede Joodse Opstand, het Rome probeer om die naam van Israel uit die land uit te roei (vergelyk Psalm 83:5). Die land is herdoop na "Palestina" na die antieke Filistyne, wat die klein gebied aan die suidelike Mediterreense kus beset het. Daardie naam weer-

spieël *nie* die identiteit van die land Israel nie en ook nie dié van die mense wat vandag daar woon nie!

Die Romeinse geskiedskrywer Dio Cassius, wat in die vroeë deel van die derde eeu n.C. geskryf het, het in sy verslag oor die tweede Joodse opstand geskryf dat die Romeine 985 van die Joodse stede met die grond gelyk gemaak het en dat "byna die hele Judea verlate agtergelaat is". (*Roman History*, 69.14, vertaal deur E. Cary). Gedurende die byna 19 eeue wat gevolg het, was die Jode nie 'n meerderheid in hulle eie land nie. Wat het dus gedurende hierdie tyd plaasgevind?

Soos die geval was toe Babilon vir Juda vernietig het, het die Edomiete in die suide hulle geleentheid raakgesien! Geleidelik – gedruk deur die Arabiese Nabateaanse stamme in die ooste, het die Edomiete – wat toe Idumeërs genoem was – die verlate land van Israel binnegegaan en God se Woord teen hulle in Eségiël 35:12 weerspieël: "En jy sal weet dat Ek, die HERE, al jou lasterlike woorde gehoor het wat jy teen die berge van Israel gespreek het deur te sê: Hulle lê woes; hulle is aan ons gegee tot spys."

Terwyl baie Edomiete nou die nasie uitmaak wat as Turkye bekend staan, is daar duidelike bewyse dat baie van hulle in die Heilige Land voortbestaan as die Palestynse volke en steeds daarop aandring dat die land wat God aan Israel gegee het, hulle eie is.

Die antieke Amalekiete het God in so 'n mate aanstoot gegee dat Hy verklaar het: "Oorlog het die HERE teen Ámalek van geslag tot geslag." Hamas se afskuwelike optrede demonstreer dat hierdie gesindhede in hulle hedendaagse afstammelinge voortduur – net soos God se ewigdurende oorlogvoering teen hulle!

Vandag se konflik in Gaza is slegs die nuutste rondte van 'n konflik – tussen die broers Jakob en Esau – wat reeds vir eeue voortduur en wat tot die einde van hierdie era *sal* voortduur. Inderdaad, Netanyahu se vermelding van Ámalek in die konteks van hierdie onlangse probleme het baie meer betekenis gehad as wat hy waarskynlik self verstaan het.

**Wat van Iran?**

Hierdie verbintenisse gaan nog verder! Dink oor die rol van Iran, die hoofverskaffer van wapens aan Hamas en aan Hezbollah in Libanon. Die poging om die naam van Israel van die aarde af te laat verdwyn, word grootliks deur Iran gefinansier. Wat openbaar die Bybel oor *daardie* nasie se rol?

Die volke van die Midde-Ooste is deesdae 'n vermenging van baie antieke families. Soms is die familie-stamboom duidelik en genasionaliseer en ander kere is dit nie die geval nie. Ondertrouery en migrasie – gedwonge sowel as vrywillig – en ander omstandighede, het mense laat rondtrek en vermeng op wyses wat dit moeilik maak om hulle te identifiseer sonder die Bybel se hulp. Kenmerke wat in God se Woord


# God se Kerk deur die eeue

***God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat "die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie" (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.***

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

beskryf word, openbaar hulleself weereens in die vrugte van die mense en hulle leiers!

Die mense van die hedendaagse Iran is ongeveer 50 tot 60 persent Persies van oorsprong, terwyl die res van die inwoners bestaan uit mense van ander gebiede, met inbegrip van dié wat van Ismaelitiese en Edomitiese afkoms is. Die herkoms van nasies is lewensbelangrik om die rol van hierdie nasie in Midde-Oosterse verhoudings te verstaan en hoe daardie rol verander het – ook *nog* kan verander.

Deesdae sien ons hoe die gesindheid van die leiers van Iran teenoor Israel en die Jode *geweldig* wissel.

Voor 1979 is Iran vir dekades lank deur Shah Reza Pahlavi regeer – 'n *vriend* van die Jode, wat selfs Jode in die kabinet van sy administrasie ingesluit het. In die jaar 1979, met die val van die Shah tydens die Islamitiese revolusie in Iran, is sy leierskap egter vervang deur 'n Moslem-teokrasie met meer nie-Persiese invloed. Hierdie verandering in leierskap het 'n radikaal ander gesindheid meegebring. Dit is hierdie nuwe leierskap wat voortdurend terrorisme teen die Jode in Israel finansier en poog om die nasie van die aarde af te delg.

Dit alles word ook weerspieël deur die Bybel se aantekeninge van hierdie nasie!

Eeue gelede het God voorspel dat die Medo-Persiese keiser Kores, aan die Joodse gevangenes in Babilon hulle vryheid sou gee en die herbouing van die tempel in Jerusalem sou beveel (Jesaja 44:27-28; 45:1-4). Lees die pragtige woorde van ondersteuning vir die Jode, Jerusalem en die herbouing van die tempel wat gekom het van die antieke Medo-Persiese heersers soos Kores en Artasásta, soos dit opgeteken is in Esra 1:1-4 en Esra 7:12-26. Dit staan in felle kontras met die afskuwelike en skandelike woorde van haat, dood en vernietiging teen die Joodse nasie wat van die hedendaagse heersers van Iran kom! Die Persiese volk het nie onenigheid met Israel nie, maar Iran en veral sy leierskap, is 'n mengsel van mense van verskillende oorsprong en gesindhede. Die verskil word deur leiers gemaak.

Dit was dus ook in antieke tye die geval! Die welwillendheid tussen die antieke Medo-Perse en die Jode van hulle koninkryk, is gekorrupteer onder die Persiese koning Ahasvéros, deur leierskap met 'n *slegte* gesindheid teenoor die Jode toe die koning 'n man met die naam Haman as eerste minister van sy ryk aangestel het (Ester 3:1). Hierdie Haman het 'n bedrieglike poging van stapel gestuur om *elke* Jood in die ryk uit te wis (verse 6-11).

Haman was nogtans *nie* Persies nie. Soos die hedendaagse Iran, het die Medo-Persiese ryk uit baie volke en leiers uit baie families bestaan. Wie was Haman dus? Die boek Ester sê hy was 'n afstammeling van koning Agag (Ester 3:1), wat die koning van die Amalekiete was (1 Samuel 15:8). Die antieke geskiedskrywer, Flavius Josephus, bevestig in sy eie weergawe dat Haman 'n Amalekiet was (*Antiquities of the Jews*, 11.6.5)!

My Vriende, die geskiedenis herhaal homself. Leiers van lande wissel, leiers van volke verander, groepe word verstrooi en trek van een plek na 'n ander – maar die Bybelse kenmerke skemer deur!

Vandag se geopolitieke kenners mag dink dit is belaglik, maar slegs God se Woord verduidelik hierdie kwessies duidelik en eenvoudig! Dit is die grootste geopolitieke handleiding wat bestaan.

**Wat die toekoms inhou**

*Vervolg op bladsy 26*


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

*Vervolg vanaf bladsy 7 – "Masada sal nie weer val nie"*

Ek doen" (Jesaja 46:9-10).

Terwyl ek hier skryf sal daar nog gesien moet word wat volgende sal gebeur gedurende hierdie konflik tussen Israel en sy vyande. Sal dinge uiteindelik vir 'n rukkie rustig raak voor die volgende groot aanvalle? Sal ander nasies hulle wapens teen Israel opneem? Sal Israel van hierdie tyd gebruik maak om Iran se fasiliteite vir kernontwikkelings te vernietig sodat daar nie in daardie nasie 'n "bom sal bars" nie? Dit weet ons nie. Ons weet nogtans uit die Skrif wat die uiteindelike uitkoms sal wees.

Een ding is seker: Aan die einde van hierdie huidige era, wanneer die Jode 'n ongekende spervuur van vyandelike leërs in die gesig staar met net een doel voor oë, naamlik die vernietiging van die Jode, sal Masada *nie* weer plaasvind nie – nie weens Juda se vurigste pogings nie, maar omdat die Een "vir wie hulle deurboor het" sal intree om Sy wil te laat geskied. WvM


# Die Midde-Ooste in Profesie

***Jerusalem is die belangrikste stad in die wêreld. Die Skrif toon aan dat die area rondom dit – die Midde-Ooste – uiteindelik in 'n wêreldoorlog sal ontplof. Weet u wat die Bybel leer omtrent die eindtydse klimaks van wêreldgebeure in daardie area? U mag verras wees!***

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

# Waar is God se ware Kerk vandag?

**Duisende verskillende kerklike organisasies verkondig dat hulle Jesus Christus navolg. Tog onderrig hulle duisende verskillende "evangelies" en kan oor tallose leerstellings nie ooreenstem nie.**

**Is Jesus Christus die Hoof van al hierdie kerklike organisasies? Is Christus verdeeld? Of is daar 'n ware Kerk van God wat afgesonder is van hierdie godsdienstige Babilon? Hoe kan u God se ware Kerk herken!**

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

oorsprong. Hierdie twee riviere het die wêrelde van die lewendes en dié van die dooies geskei. Charon, wat soms die Pontman genoem word, het die boot geroei" ("*Greek Mythology and Life After Death,*" *The Collector*, 8 Maart 2023). Soos sommige ander valse idees, konsepte en terme wat ons in die Griekse mitologie vind, het hierdie uitdrukkings uiteindelik hulle weg na "Christendom" gevind.

Wanneer Christene die oorsprong en betekenis van hierdie uitdrukkings ken, behoort hulle dit dan te gebruik? Ons het elkeen 'n verantwoordelikheid om ons woorde noukeurig te beoordeel, aangesien ons verantwoordelik gehou sal word vir wat ons sê. "Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense spreek, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag" (Matthéüs 12:36).

Gesegdes soos "rus in vrede" en "heengegaan" het hulle oorsprong in valse, misleidende lerings wat in stryd is met wat die Bybel ons leer. Dit verteenwoordig 'n valse hoop volgens 'n idee wat sy oorsprong in die heidendom het. Dit is 'n idee wat absoluut hoegenaamd nie vergelykbaar is met die ware plan en doel waarvoor God ons geskep het nie. Wat 'n seën is dit nie om vanuit daardie duisternis na die lig van die waarheid geroep te word nie! Vir breedvoerige inligting oor hierdie waarheid, kan u 'n gratis kopie van *Wat gebeur wanneer u sterf?* bestel of lees dit aanlyn by *wvm.co.za.* WvM


# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!


*Vervolg vanaf bladsy 14 – Onthou Jesus se Goue Reël*

dat die Goue Reël nie 'n abstrakte cliché was nie; dit is gevind in 'n praktiese stel insettings wat God aan antieke Israel gegee het, wat die Israeliete die lewensbelangrike beginsel geleer het om diegene rondom 'n mens aktief te help – net soos Jesus Christus die Goue Reël baie eeue later onderrig het.

Om te help om die Goue Reël saam met ander Bybelse waardes aan tieners by somerkampe te leer, was 'n vreugde in soveel opsigte en deur dit te onderrig het ek ook voordeel getrek uit die herinnering aan een van die eenvoudigste en kragtigste van Jesus Christus se leerstellings. Met soveel gekompliseerde verwarring tussen hedendaagse mense en nasies, sou ons samelewing baie meer van Jesus se eenvoudigste instruksies kon gebruik – veral Sy Goue Reël. WvM

# Hoe behoort ons God se Sabbat te onderhou?

Ek het pas ontdek dat die weeklikse Sabbat, volgens die Bybel, op Vrydag teen sononder begin en Saterdag teen sononder eindig. Wat behoort ek te doen om "dit heilig te hou" soos ons in Exodus 20:8 beveel word?

Sommige mense beskou verkeerdelik die Sabbat as 'n dag waarop God ons belas deur ons te verbied om te doen wat ons wil. Dit is eintlik 'n tyd wat Hy vir ons beswil geskep het, om te kan ontlaai van die week se spanning en ons die geleentheid te bied om ons aandag te vestig op die Een wat daardie dag gemaak het en dit vir Sy heilige doel afgesonder het. "Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat" (Markus 2:27-28).

Waarom onderhou ons die Sabbat? Ons doen dit om een van die Tien Gebooie wat God gegee het, te gehoorsaam. Jesus Christus het dit ook Sélf onderhou en Sy volgelinge geleer om dit te onderhou (Matthéüs 19:17). Die vierde Gebod lui:

> "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, *of* jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig" (Exodus 20:8-11).

Deur elke Sabbat heilig te hou, staak ons ons gewone werk en aktiwiteite wat ons aandag aflei van God en Sy plan vir ons. Dit gee vir ons genoeg tyd om die Bybel te lees, te bid en te mediteer oor die dinge van God. Op die Sabbat behoort ons daarop te fokus om God te aanbid en van Hom te leer. Diegene wat binne 'n redelik bereikbare afstand van 'n groep ware Christen-gelowiges woon, behoort in aanbidding en gemeenskap saam te kom, tensy dit vanweë hulle gesondheid, onverstandig of onmoontlik is. "[E]n laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag [van Christus se Wederkoms] sien nader kom" (Hebreërs 10:24-25).

Jesus verduidelik: "So is dit dan geoorloof om op die sabbat goed te doen" (Matthéüs 12:12). Om op die Sabbat iemand wat in lewensgevaar is te red, is nie 'n oortreding van God se Wet nie; Jesus het siekes op die Sabbat genees en as gevolg daarvan het die Fariseërs saamgesweer om Hom dood te maak (verse 13-14). Christene moet hulleself egter ondersoek om seker te wees dat hulle nie die opdrag van Jesus Christus misbruik nie. Dit is gepas vir 'n Christen om op die Sabbat 'n lewe te red maar dit is nie gepas om op die Sabbat geld te verdien deur gewone sake te doen met die verskoning om mense "te help" nie.

Wanneer ons God se ware sewendedag Sabbat behoorlik onderhou, seën Hy ons ryklik.

"As jy jou voet terughou van die sabbat – om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem *en* die heilige *dag* van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek" (Jesaja 58:13-14).

God se Sabbatte is 'n tyd van vreugde en van fisiese en geestelike verkwikking. "Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoond was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van God, met die stem van jubel en lof – 'n feesvierende menigte!" (Psalm 42:5).

Om meer te wete te kom oor die betekenis en onderhouding van die sewendedag Sabbat, kan u gerus gratis eksemplare van ons boekies, *Watter Dag is die Christelike Sabbat*? en *Die Heilige Dae – God se meestersplan*, aanvra of dit aanlyn lees by *wvm.co.za*. WvM

# Vrae & Antwoorde

**Sommige algemene uitdrukkings openbaar valse idees oor die dood en die hiernamaals**

**Vraag:** Ek het gehoor hoe mense met verskeie eufemismes (versagtende uitdrukkings) na die dood verwys en dinge sê soos "mag hulle in vrede rus", "hulle is oorlede" en "hulle het gaan slaap". Kom hierdie uitdrukkings uit die Bybel?

**Antwoord:** Deur die eeue heen was daar baie verskillende versagtende uitdrukkings vir die woord "dood". Selfs Jesus Christus het een gebruik toe Hy vir Sy dissipels gesê het: "Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak" ... Toe sê Jesus reguit vir hulle: "Lasarus is dood" (Johannes 11:11, 14).

Ons kan volgens Christus se voorbeeld sien dat dit nie verkeerd is om die dood, 'n slaap te noem nie – trouens, die Skrif onderskryf hierdie spesifieke versagtende uitdrukking op verskeie plekke. Sommige ander gewilde frases wat met die dood geassosieer word, dra egter *on*bybelse betekenisse en ons behoort dit te vermy.

Een so 'n uitdrukking word gebruik wanneer mense hulle begeerte vir 'n afgestorwe persoon uitspreek: "rus in vrede", dikwels afgekort, "RIP". Hierdie frase mag dalk soortgelyk voorkom as die frase wat Jesus Self in Johannes 11 gebruik het maar, nogtans verwys die woorde "rus in vrede" na die onbybelse betekenis en oorsprong daarvan. Die uitdrukking kom van die Latynse, *requiescat in pace*, wat eintlik 'n gebed is dat die oorledene in die hemel saam met God mag rus, eerder as om in die hel gepynig te word (*"Meaning of Requiescat in Pace," ThoughtCo.com*, 21 Januarie 2020).

Ons behoort te verstaan dat sulke hoop spruit uit 'n valse lering dat die ewige lewe met die dood begin. Hierdie lering word eenvoudig nie ondersteun deur die Bybel wat duidelik aandui dat die dooies geen ander keuse het *as om* te rus nie. Ons lees: "Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie" (Prediker 9:5). Die Bybel openbaar dat daar geen bewussyn in die graf is nie – almal wat gesterf het, wag bloot op die opstanding wanneer hulle weer opgewek sal word (Job 14:12-15; sien ook Eségiël 37). Daar is nie vrede of ongemak vir enigiemand wat nou in die dood slaap nie.

**Gebaseer op valse fondamente**

Nog 'n algemene versagtende uitdrukking vir die dood is die uitdrukking "oorlede" of eenvoudig "heengaan". Hierdie uitdrukkings is ook afgelei van die valse oortuiging dat wanneer mense sterf, die siel onmiddellik "vertrek" na die hiernamaals. Die term was gedurende die vyftiende eeu in Engeland gebruik deur diegene wat geglo het dat 'n persoon se siel ná die liggaam se dood nog 'n rukkie vertoef.

> Wanneer daar vir 'n pas afgestorwe persoon 'n nagwaak gehou is, het die wat teenwoordig was geglo dat die oorledene alles kon hoor en verstaan wat gesê word. Dit is, volgens hulle, eers later, sodra die begrafnisrituele voltooi is, dat die afgestorwe persoon "heengegaan" het en die reis na die hemel óf die hel onderneem het. Die woord "heengaan" sou nie as eufemisties beskou word nie, maar bloot as 'n letterlike beskrywing van gebeure (*Phrases.org.uk*).

'n Verwante frase lui dat "hy/sy oorgegaan het" wat 'n verandering van een toestand van lewe na 'n ander toestand impliseer as gevolg van die dood. Die konsep wat betref hierdie term het waarskynlik in die Griekse mitologie ontstaan. "Die Grieke het geglo dat ná die begrafnis, die afgod Hermes, die siel na die ingang van die onderwêreld gelei het na 'n veerboot wat die gees oor die Acheron (rivier van ellende) en/of Styx (rivier van haat) vervoer het, afhangende van die

*Vervolg op bladsy 21*

# Monsters het Israel oorval

## Deur Wallace G Smith

Ons moenie doekies omdraai en weier dat tyd en politieke agendas ons nagedagtenis verander nie. Op 7 Oktober 2023 het monsters die nasie Israel oorval.

Namate die nuus daardie dag versprei het, het baie Israelies hulle na hulle selfone of televisieskerms gehaas om beeldmateriaal te sien van terroriste wat die land- en kusgrense oorsteek – selfs in klein, geïmproviseerde vliegtuie. Hulle het toegesak op 'n musiekfees waar duisende jongmense gedans het. Hulle het woonbuurte binnegedring. Hulle het by huise ingebreek en hulle doelwit was duidelik: Maak dood, vermink, verneder, verkrag, martel en ontvoer.

Dit is, met ander woorde, om te *terroriseer.*

Ten tye van hierdie skrywe, dui verslae daarop dat Hamas-terroriste ongeveer 1,200 mense in Israel gedood het, meer as 5,000 beseer en meer as 240 mense ontvoer het. 'n Mens sou gehoop het dat die Westerse media, wat voorheen huiwerig was om Hamas, 'n terroriste-organisasie te noem, baie gou hulle fout sou insien terwyl hulle na beeldmateriaal gekyk het van Hamas se "soldate" wat deur die stad paradeer het. Daar is met die verkragte en vermoorde jong vroue se vernederde lyke, waarop gespoeg is, geparadeer. Ongelukkig het die gesloer voortgeduur en moreel bankrot ideologieë is oorheers deur baie "invloedrykes" van openbare meningsvormers.

Sommige mense in die Weste beskou Hamas se optrede as geregverdigde dade van aggressie teen "koloniseerders". Die wrede verkragting van vroue, die sistematiese terrorisering en slagting van onskuldige gesinne en kinders asook die feesvierende verontheiliging van die liggame van die vermoordes, word vir hierdie betreurenswaardige siele aanvaarbare vorms van geweld wanneer die motief na bewering "dekolonisering" genoem word. Die Westerse beskawing het tot 'n vlak gedaal waarop 'n selfverklaarde "feministiese" organisasie soos *CodePink* die verkragting van weerlose vroue, die vertoon van vroue se lyke as trofees en die ontvoering van verskrikte vroue, ondersteun deur mans wat beoog om hulle in die openbaar en onbeskaamd onuitspreeklike leed aan te doen. Namate sulke ideologiese verrotting toeneem, kan die woorde "Westers" en "beskawing" nie in verband met mekaar gebring word nie.

### Geen morele gelyke

Geen politieke affiliasie – of enige teken van politieke besorgdheid – is nodig om in te sien dat die optrede van 7 Oktober 2023, boos en 'n afskuwelike klad op die mensdom is nie. Ja, internasionale verhoudings is ingewikkeld – veral in 'n streek wat so oproerig is soos die Midde-Ooste. Niemand sê dat die staat Israel in sy hedendaagse geskiedenis onberispelik is nie. Niks hiervan kan egter die eenvoudige aard van die onverskoonbare gruweldaad wat die Israeliese volk toegedien is, verander nie. Diegene wat sou beweer dat Hamas se jongste optrede deel is van die een of ander aanvaarbare plan om Israel in eie munt terug te betaal ["*tit for tat*"] vir hulle oortredings – asof daar morele gelykwaardigheid tussen Hamas se gruweldade en die optrede van die staat Israel is – is misleidend en is vasgevang in 'n moreel korrupte siening van ons samelewing.

Hamas en soortgelyke organisasies, is tevrede daarmee om hulle eie kinders se skole en hulle eie mense se hospitale te gebruik as skuilings vanwaar hulle aanvalle kan loods en hulle maak staat op Israel se onwilligheid om terug te slaan en onskuldiges dood te maak. Vóór hierdie konflik het baie hoofstroom media-organisasies dit erken en daaroor berig. Ongeag hiervan, wie sou kon voorgee dat, *indien die situasie omgekeer was*, 'n Hamas-terroris nie nog gretiger sou wees om Israel aan te val op 'n manier wat soveel as moontlik onskuldige burgers sou doodmaak nie? Vir enigiemand wat hulleself dit anders voorstel, behoort hierdie jongste Hamas-aanvalle sulke waanbeelde uit te wis. Die moord, verminking en marteling van die onskuldiges

was die *doel* van Hamas se aanval. Daar is geen morele vergelyking tussen een kant wat gereeld menslike skilde gebruik en ander wat deur die teenwoordigheid van menslike skilde afgeskrik word nie.

Net so is daar geen morele vergelyking tussen een kant wat dikwels waarskuwings gee aan plekke wat gebombardeer gaan word sodat die onskuldiges kan vlug – selfs al loop so 'n waarskuwing die risiko om die doeltreffendheid van 'n aanval te verminder – terwyl die ander kant wat sonder waarskuwing aanval om te verseker dat soveel as moontlik onskuldige slagoffers verkrag, geterroriseer en doodgemaak sal word. Daar is ook geen morele vergelyking tussen een kant wat probeer om kollaterale skade onder nie-vegtendes tot die minimum te beperk en die ander kant wat die beelde van mishandeling van hulle vyand se kinders uitsaai, spog met die vertoning van die naakte en verontheiligde liggame van hulle vyande se dogters en vrouens en video's die rondte laat doen van die vernedering en terrorisering van hulle vyande se oumas nie.

Internasionale betrekkings en politiek is ingewikkeld. Oorlogvoering tussen nasies behels altyd morele kompromieë, met of sonder goedkeuring. Baie selde, in enige konflik, kom enige kant onskuldig daaruit. Daar is egter niks ingewikkeld aan die optrede wat op 7 Oktober 2023 plaasgevind het nie. Dit kan moreel nie vergelyk word nie. Diegene wat enigsins glo dat die optrede van Hamas op daardie dag geregverdig was, het die moraliteit van monsters aangeneem en moet berou hê. God oordeel ons nie net vir wat ons doen nie, maar ook vir wat ons goedkeur (Romeine 1:32).

**Die enigste weg na vrede**

Ons kan dus wonder: In hierdie dodelike Midde-Oosterse landskap – met sy diepgesetelde haat wat sy oorsprong het in 'n konflik wat véél dieper strek as geskille oor grense en hulpbronne en politieke intriges – hoe en wanneer sal vrede uiteindelik kom?

Sommige mense interpreteer hierdie jongste konflik as 'n teken dat daar dalk *nooit* vrede – ten minste nie werklik volhoubare vrede – in die Midde-Ooste sal wees nie. Hulle is nie ver van die waarheid af nie. Menslike pogings alléén sal *nie* die probleme van hierdie onrusgeteisterde streek oplos nie.

Daar kom nogtans binnekort 'n tyd wanneer meer as menslike pogings 'n rol sal speel. Soos Richard Ames in *Die Midde-Ooste in Profesie* skryf: "Ons moet egter onthou dat vrede in die mens se lewe slegs tot stand kan kom as sy menslike natuur verander word. God sal aan die oorgrote meerderheid van alle mense die gawe van Sy Gees skenk. Dan sal hulle leer hoe om die weg na vrede te vind" (bl. 40).

Die Vredevors kom en Hy sal kom met "genesing onder sy vleuels" (Maleàgi 4:2). Ongelukkig sal daar meer bloedvergieting wees in die dae en jare wat voorlê. Israel, sowel as die Verenigde State en Groot-Brittanje, staar 'n toekomstige verdrukking in die gesig wat al die lyding van die verlede as gering sal skat wanneer dit vergelyk word. (Matthéüs 24:21; Jeremia 30:7). Tensy ware bekering en 'n fundamentele terugkeer na God die Vader en sy Seun plaasvind, is die koms van daardie lyding 'n besliste feit.

Daar is egter goeie nuus. Diegene wie se wreedheid geen perke in hierdie lewe geken het nie, sal geregtigheid in die gesig staar deur die hande van die Een wat geen barmhartigheid bewys aan diegene wat geen genade bewys het nie (Jakobus 2:13). Die monsters van 7 Oktober behoort te sidder oor die wete dat so 'n dag gaan kom en dat die God van die wese en die weduwees verklaar dat Hy hulle geroep hoor en dat Hy sal vergeld (Exodus 22:22-24). 'n Tyd van genesing en vrede, soos die wêreld nog nooit geken het nie, *gaan* kom met die Wederkoms van Jesus Christus. Laat ons uit die diepte van ons harte bid dat Sy Koninkryk *binnekort* kom en totdat vandag se wêreld, die wêreld van môre word, laat ons almal bid "om die vrede van Jerusalem" (Psalm 122:6). WvM

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30, Menlo Park, GP, 0102**
**of skakel : 012 331 0058**

*Vervolg vanaf bladsy 19 – Die ware oorsaak van moeilikheid in die Midde-Ooste!*

Die Hoofredakteur van die *Wêreld van Môre*, Gerald E. Weston verduidelik in sy artikel op die voorblad van hierdie uitgawe dat Bybelprofesieë lank gelede die huidige situasie in die Midde-Ooste voorspel het! Die profesieë van God se Woord is duidelik: Selfs in Jerusalem *sal* daar 'n Joodse volk tot in die eindtyd bly bestaan. Daardie teenwoordigheid is noodsaaklik vir die vervulling van profesieë wat betref die herinstelling en einde van die offers wat in Jerusalem sal begin.

Daardie profesieë *moet* vervul word en niemand kan die Almagtige se planne verander nie. God het alreeds besluit dat die antieke offers hervat sal word en ons weet dat dit 1,290 dae voor die Messías se Wederkoms beëindig sal word (Daniël 12:11). Uit God se Woord kan ons seker wees dat géén hedendaagse Edomiet of Amalekiet daarin sal slaag om die nasie van Israel te vernietig nie. Enige poging van so 'n aard sal uiteindelik misluk – nie as gevolg van die regverdigheid van die Joodse volk nie, maar omdat daardie nasies teen God se vasgestelde plan sal veg.

Ons moet egter die volle waarheid vertel: Die hedendaagse Joodse nasie Israel, herhaal *self* die geskiedenis en is *ook* besig om God se toorn te ontlok deur hulle antieke voorvaders se verval in sonde en rebellie teen die Wette van God te herhaal. Dink daaroor dat hedendaagse Israel, optogte hou om losbandige lewenswyses te verheerlik wat uitdruklik deur God veroordeel word in die Torah – wat alle Jode ken. Hulle bevorder daardie lewenswyses in die strate van Jerusalem, die stad wat binnekort die setel van die Messías se Regering sal word. Deur so te rebelleer doen hulle op hulle eie manier net soos die Amalekiete – hulle bal hulle vuiste teen die troon van God en daag Sy voorgenome plan uit.

Offerandes *sal* vir 'n kort tydjie plaasvind en dan gestaak word. Dan *sal* Jerusalem ingeneem word deur die sewende herlewing van die Romeinse Ryk en die tyd van die heidene *sal* aanbreek. Dit sal 'n tyd van ongekende lyding wees vir Israel, vir die Verenigde State en vir die nasies van Britse afkoms, gevolg deur die dag van die Here en God se toorn oor al die nasies van die wêreld.

**Uiteindelik vrede**

Ná daardie jare van angs en ellende, sal die Messías terugkom met baie goeie nuus vir Israel sowel as vir die res van die wêreld.

Die wêreld sal *nie* vergaan in 'n globale kern katastrofe nie. Daar *is* hoop! Hierdie dilemmas wat menslike wesens nie kan oplos nie, *sal* opgelos word deur Jesus Christus, wie spoedig op die wolke uit die hemel sal terugkeer met groot krag en heerlikheid om 'n duisend jaar van vrede in te lei. Ten spyte van die voortdurende bloedvergieting in daardie land wat al soveel lyding beleef het, kan ons dus verby hierdie konflik kyk na die hoop van die wêreld van môre en die vrede wat dit sal bring. Soos die profeet Jesaja geskryf het: Al die oorlogstoerusting – gewere, wapens, granate, tenks, hommeltuie – sal gesmelt word om werktuie vir landbou te word en nasies sal nie meer leer om oorlog te voer nie (Jesaja 2:3-4).

Dit is die hoop vir die desperate en verwarde nasies van die Midde-Ooste en inderdaad vir die hele mensdom – wat ons probeer om in elke uitgawe van hierdie tydskrifte aan u bekend te maak. Ons samelewing gaan nou 'n baie donker tyd tegemoet, maar die dagbreek is reeds naby. Goeie tye is aan die kom terwyl God voorberei om die Koninkryk van die Messías op die aarde te vestig, wat uiteindelik vrede vir *al* die mense van ons wêreld sal bring. WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig" (1 Johannes 3:11-12).

Let op hierdie gedeelte van Judas: "Wee hulle, want hulle het die weg van Kain bewandel en om loon hulleself in die verleiding van Bíleam gestort en in die verset van Korag omgekom" (Judas: 11). Dit het nie goed geëindig vir enige van daardie drie nie!

Nadat Kain sy broer vermoor het, het God gevra waar Abel hom bevind en Kain het geantwoord: "Is ek my broer se wagter?" (Génesis 4:9). Die res van die Bybel beantwoord daardie vraag: Ja, ons behoort ons broer se wagter te wees! Ons behoort om te gee vir die welstand van almal rondom ons (Filippense 2:3-9).

Die manier van gee blyk teenstellend te wees met ons menslike natuur. As Christene kan ons onsself sien as verhewe bo selfsug – maar is ons? Glo en demonstreer ons daardie geloof werklik deur al ons dade, in die woorde van die apostel Paulus? "Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang" (Handelinge 20:35). Beskou hierdie opdrag van Jesus:

> "En Hy sê ook vir die man wat Hom genooi het: Wanneer jy 'n môre- of middagete gee, moenie jou vriende nooi, of jou broers of bloedverwante of ryk bure nie, sodat hulle jou nie miskien ook eendag weer uitnooi en jy vergelding ontvang nie. Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes, en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te vergeld nie; want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges" (Lukas 14:12-14).

Die manier van gee is die manier van uitgaande besorgdheid, om na te dink oor die behoeftes van ander. Ja, ons het ons eie behoeftes en God verwag nie van ons om dit te verwaarloos nie, maar die meeste van ons prioritiseer ons persoonlike behoeftes redelik goed. Dit is deernis vir ander wat ons dikwels ontbreek. Om in die behoeftes van ander te voorsien, wanneer hulle daardie sorg nodig het, is selde gerieflik. Dit is maklik om aan onsself te dink as omgee, as onselfsugtig, maar in die praktyk kom ons dikwels tekort.

**Die groot les**

Van die begin af het God ons 'n keuse gegee: Kies Sy weg, teen die raad van ons vleeslike menslike verstand of kies die weg wat die natuurlikste kom, maar eindig in pyn, lyding en dood (Spreuke 14:12; 16:25).

Nog 'n voorbeeld is dié van Moses. Hy het alles gehad wat 'n welvarende Egipte kon aanbied. Hy het geweet hoe dit was om omring te wees deur bediendes wat vir hom die beste kos, gerief en vermaak verskaf.

Hy het tog verby die hier en nou gesien en daardie beter manier gekies wat op die ou end tot groter rykdom sou lei. "Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê, en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van

**Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?**

***Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:
e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.
FAITH (**kanaal 341**) van 09:00 tot 09:30 a.m.
Cape Town TV (**kanaal 263**) van 11:30 a.m. tot 12:00 p.m.

---

Egipte, want hy het uitgesien na die beloning" (Hebreërs 11:24-26).

Die keuse tussen die twee bome – tussen gee en ontvang, tussen om ons broer se bewaarder te wees of nie – is 'n tema regdeur die Skrif. Ja, daar is 'n beloning vir ons, maar die eerste stap is om van onsself te gee. Ons moet kies tussen twee lewenspaaie. Elke dag maak ons daardie keuse in hoe om ons God gehoorsaam te wees en om te gee vir diegene rondom ons. Dit is die groot les wat God wil hê ons in hierdie lewe sal leer. Indien ons wys kies, sal ons die ewigheid deel met ander wat daardie keuse gemaak het, gebore in 'n koninkryk van vrede en vreugde saam met God ons Vader en Jesus Christus Sy Seun. Dit is die boodskap van die *Wêreld van Môre*.



# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**